

18 Junie

Skrifgedeelte: Esra 8
Fokusgedeelte: Esra 8:22-23

Skande en skaamte

Laat ons dit maar erken: Die sonde se invloed strek tot in die kerk. Ook daar verloop dinge nie altyd soos dit moet nie. Partykeer kom die kerk in die skande. Sonde, onwilligheid om te dien, leë kerkbanke, verdeeldheid oor kantlynsake, kortsigtigheid, oorhaastigheid en ontrouwheid is aan die orde van die dag. Dat God sy koninkryk te midde van sulke swakhede laat kom, bly steeds 'n onbegryplike wonder.

Tog kan en moet God se kinders teen sondige swakheid stry. Christus se oorwinning oor die sonde gee huis aan hierdie stryd 'n hoopvolle en triomferende karakter. Let op hoe Esra in hierdie hoofstuk toesien dat geen skande oor die "kerk" kom nie:

- Voor Esra vertrek, is daar eers 'n dag van vas en verootmoediging voor God (8:21). Sonder God se hulp wil en kan hy nijs doen nie.
- Alles word baie noukeurig geadministreer (8:26-27,30,34).
- Leemtes (Leviete) word geïdentifiseer en aangespreek (8:15-20).
- Pligte word duidelik uitgespel en gedeel (8:28-29).
- Goeie beplanning, orde en organisasie kenmerk die reis (8:15,32).
- Na afhandeling van die projek is daar offers aan God (8:35).

Só wil Esra skande voorkom. Maar Esra wil ook skaamte voorkom. 'n Kerk wat bely dat God almagtig is, maar Hom nie vertrou nie, bring skaamte oor hulleself. Daarom is Esra te skaam om die koning vir soldate te vra (8:22-23). Esra voorkom skaamte deur eerder heeltemal op God te vertrou. 'n Kerk wat skande en skaamte voorkom, kan diensbaar wees aan die momentum van God se koninkryk.

Sing: Psalm 25:1,2

Dr WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)